

# **Die koop-en-verkoop-ooreenkoms gefinansier deur 'n polis as boedelbeplanningsinstrument**

Skripsie aangebied ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

## **Magister Legum in Boedelreg**

aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

nadat die volgende modules suksesvol afgehandel is:

- \* LLMB 874 Belastingreg
- \* LLMB 875 Boedelbeplanning
- \* LLMB 876 Sakereg
- \* LLMB 877 Huweliksgoederereg
- \* LLMB 878 Erfreg

***RICHARD WALTER COMBRINK***

12102024

**Vakkode: LLMB 873**

**Studieleier: Prof AL Stander**

**Mede-studieleier: Mnr HJ Kloppers**

**November 2005**

**Summary: The buy-and-sell agreement funded by a policy as estateplanning instrument**

There are real uncertainty about the interpretation of section 3(3)(a)(1A) of the *Estate Duty Act* when the buy-and-sell agreement comes to mind. The uncertainty started with the definition of "person" in the *Estate Duty Act*, because the trust was not so commonly used at the time when the act came into force. Unfortunately the trust doesn't fall under the definition of "person" and therefore cannot qualify for the estate duty benefit.

The big question arises whether the insured life can qualify for the estate duty benefit if the interest of the company is situated in 'n *inter vivos* trust.

According to *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd (in Liquidation) v Summerly and Another NNO* 1984 1 SA 160 (W) the court decided that the trust should be recognised as a "debtor" for all practical purposes. The trustees are authorised to conclude transactions on behalf of the trust. That means that the trust are managed by the trustees and that the trust cannot exist without the trustees. The trustees have a key-person position in the trust.

My conclusion is that for the sake of section 3(3)(a)(1A) of the *Estate Duty Act* the *inter vivos* trust should be recognised as a person. In that case all the requirements of the section will be satisfied, and if the insured life was a trustee of the trust, he/she should enjoy the estate duty benefit.

There are two solutions to the problem we face. Either the definition of "trust" or "person" should be amended in the *Estate Duty Act*. The definition of "trust" should include a trust as a person and the definition of "person" should include a person as a trust. That way the trust and section 3(3)(a)(1A) of the *Estate Duty Act* can be reconciled.

## INHOUDSOPGAWE

1	Inleiding en probleemstelling .....	1
2	Koop-en-verkooppolis.....	3
2.1	Teoretiese konstruksie.....	3
2.1.1	Vennootskapsversekering .....	3
2.1.2	Die dood van 'n vennoot.....	5
2.2	'n Moontlike oplossing.....	7
2.2.1	Wat is 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms?.....	8
2.2.2	Lewensversekering uitgeneem op die lewe van 'n vennoot .....	9
2.2.3	Vereistes vir die verkryging van lewensversekering.....	11
3	Boedelbelastingvoordele .....	16
4	Die koop-en-verkoop-ooreenkoms as boedelbeplanningsinstrument .....	18
5	Die trust in die Suid-Afrikaanse reg .....	20
5.1	Die regsraad van 'n trust.....	22
5.1.1	Die regspersoonlikheid van 'n trust .....	22
5.1.2	Tipes trusts.....	23
5.1.3	Voordele met sekwestrasie .....	25
5.2	Die trust as boedelbeplanningsinstrument .....	28
5.3	Die betekenis van die trust in die praktyk.....	30
6	Die problematiek met die inkorporering van die koop-en- verkoop-ooreenkoms in die trustreg .....	31
7	Samevatting en aanbevelings.....	35
8	Bibliografie.....	37
8.1	Boeke.....	37
8.2	Wette .....	40
8.3	Artikels .....	40
8.4	Proefskrifte.....	41
8.5	Regspraak .....	41
8.6	Verslag.....	42

## 1 Inleiding en probleemstelling

Persoonlike lewensversekering word uitgeneem primêr vir die doel om finansiële sekuriteit te bied in die geval van dood, ongeskiktheid of aftrede van die broodwinner in die familie. Op dieselfde manier kan die probleme wat met die dood, ongeskiktheid of aftrede van 'n vennoot, aandeelhouer, lid van 'n beslote korporasie, alleen eienaar of sleutelman ontstaan, met die verkryging van lewensdekking aangespreek word. Hierdie dekking staan in die algemene omgang bekend as besigheidversekering en verskil van persoonlike versekering omdat dit die kontinuïteit binne 'n besigheid verseker. Verder sorg dit vir die versterking van die besigheidstruktuur aangesien onkundige belanghouers die besigheid skade kan berokken. Vanuit 'n beplanningsoogpunt is kontinuïteit van wesenlike belang. Die afwesigheid daarvan veroorsaak dat daar baie geld verlore gaan omdat die besigheid dan onaktief is, soos byvoorbeeld met die dood van 'n vennoot of lid van 'n beslote korporasie.<sup>1</sup> Met die uitneem van lewensdekking kan die ander vennote of lede van die beslote korporasie die nodige kontant bekom om die besigheid uit te koop of die besigheid te laat voortgaan.<sup>2</sup> Om dit te bewerkstellig word die koop-en-verkooppolis uitgeneem wat volgens die *Boedelbelastingwet*<sup>3</sup> nie boedelbelastinggevolge meebring nie, mits daar voldoen word aan die vereistes soos gestel in die *Boedelbelastingwet*.<sup>4</sup> Sodoende word die oorblywende belanghouer in staat gestel om die belang van die oorlede belanghouer uit sy bestorwe boedel te koop.

Die ontwikkeling van die trustreg in Suid-Afrika is van allerweë grootliks verwelkom. Die meeste beplanners probeer om die bates van die boedeleienaar so gou moontlik uit sy persoonlike boedel te verwyder en dit binne 'n trust te kry. Op hierdie manier verseker hulle dat die toekomstige groei van die bates nie deel van die boedeleienaar se boedel vorm nie en dat

---

1 Hierdie geval verwys spesifiek na die situasie waar daar slegs een lid betrokke is by 'n BK, daar is dan nie 'n ander lid wat kan voortgaan met die bedryf van die BK nie.

2 Mehr en Osler *Modern Life Insurance* 31.

3 *Boedelbelastingwet* 45 van 1955 (hierna "die *Boedelbelastingwet*" genoem). Honoré *The SA Law of Trusts* 221.

4 A 3(3)(a)(iA) wat later in par 2.2.3.3 bespreek sal word.

die boedel vir boedelbelastingdoeleindes nie verder in waarde toeneem nie. Die groei van die waarde van 'n belang in 'n besigheid is 'n goeie voorbeeld hiervan. Deur van hierdie struktuur gebruik te maak, word die boedeleienaar se boedel nie persoonlik geraak nie. Deur die bates van die boedeleienaar tussen homself en sy trust te skei word verseker dat die groei binne 'n trust en nie binne die boedeleienaar se persoonlike boedel plaasvind nie. Dit hou noodwendig boedelbelastingvoordele in.

Die vraag wat onmiddellik na vore kom, is of die koop-en-verkooppolis nie met die trust versoen kan word nie. Dit sou tot gevolg hê dat die polis dan nie aan die vereistes volgens artikel 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet* voldoen nie en sou dan nie vir die boedelbelastingvoordeel kwalifiseer nie.<sup>5</sup> Is so 'n werkswyse moontlik en bied dit die beoogde voordele?

Vanweë die feit dat 'n *inter vivos* trust nie 'n lid van 'n beslote korporasie mag wees nie, word die beslote korporasie as ondernemingsvorm vir doeleindes van hierdie studie buite rekening gelaat.<sup>6</sup> Die aandele van 'n maatskappy kan wel deur 'n *inter vivos* trust gehou word, maar as gevolg van die eenvoudige struktuur van 'n vennootskap, sal deurgaans daarna verwys word.

Ter illustrasie kan die volgende voorbeeld gebruik word: Trust A, waarvan mnr A 'n trustee is, en Trust B, waarvan mnr B 'n trustee is, is in 'n vennootskap. Elke trust besit 50% belang in die vennootskap. Mnr A en B is beide baie betrokke in die vennootskap. Hulle werk goed saam. Hulle wil nie verdere vennote inneem nie, uit vrees dat hulle nie so goed met die derde vennoot oor die weg sal kom nie. Mnr A en B gaan 'n ooreenkoms aan dat indien Mnr A te sterwe sou kom, Mnr B sy belang uit sy boedel sou koop en dan op sy eie aangaan met die besigheid en ook omgekeerd. Nie een van hulle het die nodige kontant indien so iets sou gebeur nie. Die beste opsie is dus dat Mnr A 'n lewenspolis op die lewe van Mnr B sou uitneem en ook omgekeerd. Volgens die *Boedelbelastingwet* word die opbrengs van die polis as 'n geagte bate in die boedel van die versekerde lewe beskou. Artikel

---

5 A 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet*.

6 A 29(2)(b) van die *Wet op Beslote Korporasies* 69 van 1984 (hierna "die BK-wet" genoem).

3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet* is die koop-en-verkooppolis een van die uitsonderings waar die opbrengs nie as 'n geagte bate in die versekerde lewe se boedel gesien word nie. 'n Probleem ontstaan egter by die vereistes van 'n koop-en-verkooppolis wat volgens die *Boedelbelastingwet* voorgeskryf word. Mnre A en B het die raad gekry om te probeer om hul persoonlike boedels so klein as moontlik te kry en sodoende soveel as moontlik bates na hul onderskeie trusts te skuif. Dit veroorsaak dat die boedels van mnre A en B verklein en die bates se waarde in hul onderskeie trusts vergroot. Volgens die *Boedelbelastingwet* is dit nie moontlik dat die belang in die vennootskap na mnre A en B se onderskeie trust oorgedra kan word nie, want op so 'n manier kan die boedelbelastingvoordeel nie verkry word nie. Aangesien die trusts die belanghouers in die vennootskap is, voldoen mnre A en B nie aan die gestelde vereistes nie.

Om bogenoemde probleem aan te spreek is 'n grondige ondersoek na die beginsels van toepassing by 'n koop-en-verkooppolis en die voordele wat dit bied, gedoen. Derhalwe word die teoretiese konstruksie van die koop-en-verkooppolis in paragraaf 2 uiteengesit. In paragraaf 3 volg 'n bespreking van die boedelbelastingvoordele wat die koop-en-verkooppolis inhou. 'n Ontleding van die koop-en-verkooppolis as boedelbeplanningsinstrument word in paragraaf 4 gedoen. Daarna word die konstruksie van die trust in die Suid-Afrikaanse reg in paragraaf 5 verduidelik. Paragraaf 6 illustreer die problematiek met die inkorporering van die koop-en-verkooppolis in die trustreg. Laastens word die aanbevelings in paragraaf 7 saamgevat.

## **2 Koop-en-verkooppolis**

### **2.1 Teoretiese konstruksie**

#### **2.1.1 Vennootskapsversekering<sup>7</sup>**

Dit is algemene kennis dat 'n vennootskap 'n ondernemingsvorm is waar daar uit hoofde van 'n ooreenkoms tussen twee maar nie meer as twintig persone, 'n regsverhouding ontstaan waarvolgens elkeen 'n bydrae lewer tot 'n

---

<sup>7</sup> Miller *Corporate & Personal Financial Planning 2004* 233.

onderneming wat gesamentlik bedryf word met die doel om gemeenskaplike vermoënsvoordeel te bepaal.<sup>8</sup> Dus om wins te maak.

Met die dood van 'n vennoot word die belang<sup>9</sup> in die vennootskap as 'n bate in sy boedel beskou.<sup>10</sup> Uit die aard van die saak sal die belang dan verkoop word. Dit kan op 'n onvoorsiene tydstip plaasvind waar die oorblywende vennote nie oor die nodige kapitaal beskik om die oorlede vennoot se belang uit sy bestorwe boedel te koop nie.<sup>11</sup> Dit kan ook gebeur dat die onttrekking van een van die vennote (die oorledene) die vennootskap se vakmanskap kan skaad. Die vennootskap kan finansiëel in nog 'n swakker posisie geplaas word, want die kwaliteit van dienste kan afneem vanweë die afwesigheid van die oorlede vennoot se spesialiskennis. Derhalwe kan dit die vennootskap noodsaak om 'n onbekende vennoot in die plek van die oorlede vennoot in te bring.<sup>12</sup> Die situasie kan ook wees dat die oorlede vennoot se boedel vereis dat die belang in paaiemente aan die boedel betaal moet word uit die wins van die vennootskap.<sup>13</sup> Dit veroorsaak 'n vermindering in die oorblywende vennote se inkomste. Die situasie kan selfs nog verder versleg indien die oorlede vennoot sy aandeel in gelyke dele aan sy ses kinders laat vererf, aangesien daar nou ses kinders is wat dalk nie met mekaar of die res van die vennote oor die weg kom nie. Al hierdie situasies kan voorkom word deur 'n koop-en-verkooppolis uit te neem wat die nodige likiditeit aan die oorblywende vennote voorsien.

Die primêre doel van 'n koop-en-verkooppolis is derhalwe om by die afsterwe van 'n vennoot die nodige kapitaal aan die oorblywende vennote van die vennootskap te voorsien vir die aankoop van die oorlede vennoot se belang.

---

8 Cilliers *Ondernemingsreg* 10.

9 "Belang" beteken die waarde van die gedeelte van die vennootskap wat deur enige party besit word.

10 Sien par 2.1.2 hieronder vir die gevolge van dood.

11 "The primary purpose of life insurance is the protection of the family. Every family is dependent for subsistence upon an income ..." Huebner en Kenneth *Life insurance 6th ed* 14.

12 Inderwaarheid kom 'n nuwe vennootskap tot stand.

13 Op grond van die ooreenkoms tussen die vennote. Die ooreenkoms behels verder ook enige wysigings en/of addendums daartoe, soos van tyd tot tyd skriftelik deur die betrokke partye ooreengekom. 'n Ooreenkoms is bindend tussen die vennote indien al die normale kontrakvereistes nagekom word (Van der Merwe *Kontraktereg Algemene Beginsels* 233).

### 2.1.2 Die dood van 'n vennoot<sup>14</sup>

'n Vennootskap word ontbind deur middel van 'n ooreenkoms tussen die vennote, 'n verandering in die samestelling van die vennote, 'n bevel deur die hof en deur sekwestrasie.<sup>15</sup> Dit beteken dat die vennootskap ontbind by die dood van een van die vennote. Dit is so tensy daar 'n ooreenkoms<sup>16</sup> tussen die partye bestaan dat die vennootskap sal voortgaan tot voordeel van die boedel van die oorlede vennoot of deur die aanstelling van 'n nuwe vennoot.<sup>17</sup> Indien daar nie so 'n ooreenkoms bestaan nie sal die vennootskap ontbind. Die bates van die vennootskap sal verkoop en te gelde gemaak word.<sup>18</sup> Sonder 'n *bona fide*-ooreenkoms bevind die oorblywende vennote hulself dus in 'n situasie met ernstige gevolge. Hierdie gevolge sluit onder meer die dringende likwidasië van die vennootskap se bates en die probleem van herorganisasie in. Hierdie gevolge word vervolgens kortliks bespreek.

#### 2.1.2.1 Dringende likwidasië van bates

Die oorblywende vennoot of die naasbestaendes van die oorlede vennoot kan gedwing word om die vennootskap te likwideer, omdat hul geen ander uitweg het nie. Dit kan wees dat die oorlede vennoot 'n sleutelrol in die vennootskap gespeel het. Dit bring met ander woorde mee dat die hele besigheid van voor

---

14 Miller *Corporate & Personal Financial Planning 2004* 234.

15 Die gronde vir die ontbinding van 'n vennootskap is: onderlinge ooreenkoms; afloop van termyn; voltooiing van vennootskapsbesigheid; verandering in lidmaatskap, wat bestaan uit die volgende gebeure: dood van die vennoot, uittrede, toelating van 'n nuwe vennoot; hofbevel; oorlog; sekwestrasie (Cilliers *Ondernemingsreg* 21; Arendse *Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2005* 353; Nagel *Besigheidsreg* par 23.48).

16 'n Ooreenkoms tot dié effek beteken 'n ooreenkoms in goeie trou (*bona fide*). In beginsel is dit 'n kontrak wat aan die vereistes vir die totstandkoming van 'n ooreenkoms voldoen, streng ooreenkomstig die wilsooreenstemming of redelike vertroue van wilsooreenstemming tussen die partye uitgevoer en afgedwing word (Van der Merwe *Kontraktereg* 233). Die aanwesigheid van goeie trou beteken die afwesigheid van kwade bedoelings of die bedoeling om bedrog te pleeg of 'n ander te benadeel.

17 Die vennote het die reg om in hul vennootskapskontrak ooreen te kom dat die oorblywende vennote die vennootskap sal voortsit of dat die oorblywende vennote die oorlede vennoot se belang uit sy boedel sal koop (Cilliers *Ondernemingsreg* 50).

18 Cilliers *Ondernemingsreg* 53.

af deur die oorblywende vennoot opgebou moet word met alleen die opbrengs van sy belang in die ou vennootskap.<sup>19</sup> Die nadele hiervan spreek vanself.

#### 2.1.2.2 Die probleem van herorganisering

Indien die besigheid sou voortbestaan, sou daar 'n ooreenkoms tussen die oorblywende vennoot en die naasbestaande(s) van die oorlede vennoot moet wees.<sup>20</sup> In so 'n geval kan die volgende probleme voorkom.<sup>21</sup>

##### (a) Die aanstelling van naasbestaandes as nuwe vennote

Die oorblywende vennoot sal gedwing word om die wins van die besigheid te deel met vennote, soos byvoorbeeld die oorlede vennoot se vrou en ses kinders, **wat nie die nodige kennis en vakmanskap besit en selfs nie eers aktief by die bestuur van die besigheid betrokke is nie.** Uit 'n besigheidsoogpunt is dit onaanvaarbaar.

##### (b) 'n Vreemdeling as vennoot

Die oorblywende vennoot kan verplig word om saam met 'n vreemde persoon te werk met wie hy nie oor die weg kom nie of selfs iemand wat die doel het om die beheer van die besigheid oor te neem. Dit gebeur ook selfs dat die naasbestaandes iemand anders aanstel om hul belang in die vennootskap namens hulle te bestuur. Hierdie situasie kan net gebeur indien die terme van die vennootskapsooreenkoms dit toelaat.<sup>22</sup>

##### (c) Die verkoop van die oorblywende vennoot se belang aan die naasbestaandes van die oorlede vennoot

---

19 Miller *Corporate & Personal Financial Planning 2004* 234.

20 Dit is 'n eenparige besluit wat geneem moet word tussen die onderskeie vennote om te besluit of die vennootskap gaan voortbestaan na die dood van een van die vennote, tussen slegs die oorblywende vennote en nie tussen hulle en die naasbestaande(s) nie. Verder kan die oorlede vennoot die belang in die vennootskap na sy naasbestaandes laat vererf en dan bestaan daar 'n eenparige besluit tussen die naasbestaandes en die vennote. Uit die aard van die saak sal in elke geval dan 'n nuwe vennootskapsooreenkoms opgestel moet word, want die samestelling van die vennote het verander (Cilliers *et al Ondernemingsreg* 51).

21 Miller *Corporate & Personal Financial Planning 2004* 235.

22 Van der Merwe *Kontraktereg* 7.

Die verkoop van die oorblywende vennoot se belang aan die naasbestaandes van die oorlede vennoot mag beteken dat die betaling vertraag word tot die boedel van die oorlede vennoot afgehandel is. Dit kan tussen ses maande tot jare neem. Die negatiewe effek hiervan op die besigheid van die vennootskap verg geen verduideliking nie. Dat dit die waarde van die belange kan beïnvloed, is vanselfsprekend. Dit is dus van kardinale belang dat die nodige kapitaal so gou moontlik beskikbaar moet wees om groot finansiële verliese te beperk.

- (d) Die verkoop van die belang van die naasbestaandes van die oorlede vennoot aan die oorblywende vennoot

In die meerderheid van die gevalle sal die oorblywende vennoot eerder die belang van die oorlede vennoot koop. Hy sal op 'n manier die nodige fondse moet kry om die bedrag vir die belang te betaal. Dit gaan nie noodwendig maklik plaasvind nie en kan finansiële probleme vir hom veroorsaak. Deur geld te leen moet daar eerstens sekuriteit verskaf word. Hoë rentekoerse is die verdere probleem. Indien die vennoot nie die paalement kan bybring nie kan hy sy bate wat hy as sekuriteit opgegee het, verloor.

## **2.2 'n Moontlike oplossing**

'n Effektiewe oplossing vir die finansiële en ander probleme wat voortspruit uit die dood van 'n vennoot is die sluiting van 'n koop-en-verkooporeenkoms tussen die vennote en wat gefinansier word deur lewenspolisse, uitgeneem in terme waarvan die lewens van die vennote verseker word.<sup>23</sup> Op hierdie manier kan die nodige likiditeit beskikbaar gestel word vir die koop van die oorlede vennoot se belang, om sodoende die oorblywende vennoot in staat te stel om met die besigheid aan te gaan.<sup>24</sup>

---

23 King en Victor *Law & Estate Planning* 214 verwys na par 2.2.2.

24 In *Kitshoff NO v Brink en Andere* 1997 4 SA 117 (T) het die hof tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Ingevolge a44(2) van die *Versekeringswet* 27 van 1943 sal die opbrengs van 'n polis outomaties vanweë die bepaling van a 44(2) van Wet 27 van 1943 in die bestorwe boedel van die oorledene val, sonder dat aanspraak daarop gemaak is. Die bedoeling van die Wetgewer was bloot dat die man se skuldeisers vrystaan, nadat hulle nie voldoening van hom kon kry nie. Om sodoende beslag te lê op sodanige polis sonder om eers die man se boedel te sekwestreer. Dit beteken nie

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die koop-en-verkoopoooreenkoms een van die elemente van die moontlike oplossing is.<sup>25</sup> Dit is vervolgens nodig om te kyk wat die koop-en-verkoopoooreenkoms behels.

### 2.2.1 Wat is 'n koop-en-verkoopoooreenkoms?

Daar is twee *essentialia* wat hand aan hand met die koop-en-verkooppolis gaan. Die eerste is 'n verpligting wat deur middel van 'n definitiewe ooreenkoms tussen die vennote van 'n vennootskap op die vennote geplaas word.<sup>26</sup> Die inhoud daarvan is dat by die dood van een van die vennote die betrokke belang aan die oorblywende vennoot **verkoop** moet word.<sup>27</sup> Die oorblywende vennote is **verplig om die belang van oorlede vennoot te koop**.<sup>28</sup>

Die tweede *essentialia* is die waardering van besigheidsbelange. Besigheidswaardasies word gewoonlik vereis wanneer dit kom by samesmelting van maatskappye, oornames en koop-en-verkoopoooreenkoms. Dit word gedoen deur die entiteit se rekeningkundige beamppte. Hoekom moet die besigheidsbelange waardeer word? Want die dekkingswaarde van die koop-en-verkooppolis moet vasgestel word na aanleiding van die waarde van die

---

dat die polis in die man se boedel val voordat aanspraak daarop gemaak is deur skuldeiser nie. Die feit dat die polis geag word as eiendom van die man, toon aan dat dit nie eiendom van die man is nie. A 44(2) geld slegs as daar aanspraak op die opbrengs van 'n polis gemaak word. A 44(2) is ongeldig verklaar met effek vanaf 27 April 1994. *In casu* sal daar geen aanspraak voor 27 April 1994 gemaak kan word nie. Die aansoek wat gebaseer is op a 44(2) vir die bevel dat die opbrengs van die polis geag word eiendom van oorledene se bestorwe boedel te wees, afgewys."

25 Die ander element is die uitneem van 'n koop-en-verkooppolis deur die vonnote op mekaar se lewens, wat die nodige kontant beskikbaar stel vir die kontinuïteit van die besigheid, dit word volledig in par 2.2.2 bespreek.

26 *Miller Corporate & Personal Financial Planning 2004* 237.

27 Alhoewel die versekeraar nie 'n party tot die koop-en-verkoopoooreenkoms is nie, is die versekeraar wel 'n party tot die versekeringskontrak, en betaal die versekeraar die ooreengekome polisopbrengs by afsterwe van die vennoot uit.

28 Die verpligting van die oorblywende vennoot om die oorlede vennoot se belang te koop, is gegrond in die ooreenkoms tussen hulle. Volgens die *Boedelbelastingwet* word die opbrengs van die polis op die oorlede vennoot dan as 'n "geagte bate" in die boedel van die oorlede vennoot gesien. Die vennoot is dus kragtens die ooreenkoms verplig om die oorlede vennoot se belang te koop vir die doel waarvoor dit aangegaan is. Dit is wel so dat indien die koop-en-verkoopoooreenkoms aan die vereistes van artikel 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet* voldoen, dit nie as 'n geagte bate in die boedel van die versekerde lewe geag word nie (*Abrie Bestorwe Boedels* 5de uitg 186).

besigheidsbelang. Die ander belangrike rolspeler wanneer dit kom by waardasie is die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens. Die rede hiervoor is dat die Ontvanger homself wil vergewis van enige belastingimplikasies. Daarby is ingesluit kapitaalwinsbelasting, boedelbelasting en skenkingsbelasting.<sup>29</sup>

Die waardasies wat aan besighede toegeken word, is nie altyd 100% korrek nie. Die rede hiervoor is die aantal faktore waarna gekyk moet word voor die waardasie toegeken word. Van die faktore wat 'n rol speel is of die besigheid oor unieke voordele beskik. Wat is die besigheid se bemarkingstrategie? Werk hierdie strategie? Hoe sensitief is die besigheid se produkte ten aansien van ekonomiese verandering? Wat is die ligging van die besigheid? Al bogenoemde vrae moet gevra en beantwoord word om 'n goeie waardasie van die besigheid te verseker. Hierdie waardasie hang af van die subjektiewe oordeel van die betrokke waardeerder. Hoe benader en interpreteer hy hierdie vrae? Dit is die rede waarom daar dan gesê word dat die waardasies nie altyd 100% korrek is nie.

Dit is van belang dat die partye tot die koop-en-verkoop-ooreenkoms vooraf ooreenkom oor watter waardasie-metode gebruik sal word, ten einde moontlike latere litigasie te voorkom.

Die tweede element van die moontlike oplossing is die uitneem van 'n lewenspolis.

### *2.2.2 Lewensversekering uitgeneem op die lewe van 'n vennoot*

Hoekom moet die koop-en-verkoop-ooreenkoms gerugsteun word deur 'n lewenspolis? In die meeste gevalle word die vennote se persoonlike bates gebruik vir die finansiering van die vennootskap. Die winste van die vennootskap word gewoonlik teruggehou in die besigheid om sodoende beter stabiliteit te verseker. Hierdie werkswyse word egter nie aanbeveel nie aangesien die vennoot sy eie bates in die proses "verbruik" en in die gevaar stel. Wanneer die vennootskap gelikwedeer word, gaan die vennoot saam onder. Lewensversekering is die enigste veilige opsie om die nodige fondse

---

29 Miller *Corporate & Personal Financial Planning 2004* 244.

vir doeleindes van die uitvoering van die ooreenkoms te verseker. Verder het almal nie altyd genoegsame beskikbare kontant wat vir so 'n situasie gebruik kan word nie. Vir daardie onvoorsiene gebeurtenis verskaf die polis dan kontant. Die redes is die volgende.<sup>30</sup>

- (a) Die opbrengs van die polis is vinnig beskikbaar na die afsterwe van die vennoot.
- (b) Dit verminder die onsekerheid by die naasbestaendes omdat hulle, wanneer hulle die geld nodig het, steeds 'n goeie prys vir die belang kan kry. Dit is omdat die kapitaal (opbrengs van die polis) beskikbaar is.<sup>31</sup>
- (c) Dit voorsien aan die oorblywende vennote die onmiddellike beheer oor die besigheid en verseker kontinuïteit van die besigheid.<sup>32</sup>
- (d) Dit elimineer die nodigheid om die geld te gaan leen en hoë rente daarop te betaal.
- (e) Dit voorkom dat die besigheid sy kapitaalhelpbron uitput.<sup>33</sup>

Dit is dus van kardinale belang dat versekering ingespan word om sekuriteit te verskaf vir die aankoop van die oorlede vennoot se belang. In hierdie spesifieke situasie is 'n lewenspolis die aangewese versekeringsvorm.<sup>34</sup> Alvorens 'n vennoot egter dekking op sy vennoot se lewe kan uitneem, moet aan sekere vereistes voldoen word. Dit is vervolgens aan die orde.

---

30 *Miller Corporate & Personal Financial Planning 2004* 239.

31 Daar moet duidelik verstaan word dat 'n lewensversekeringspolis 'n kontrak is wat waarborg dat 'n spesifieke bedrag betaal sal word wanneer 'n sekere gebeurtenis plaasvind. Dit kan die dood van die polishouer, of oorlewing tot 'n sekere ouderdom, of albei wees (Die Vereniging van Lewensversekeraars van Suid-Afrika *Lewensversekering 2001* 7).

32 Geen onbekende vennote tree toe tot die besigheid nie.

33 Eie kapitaal of bates word nie gebruik nie, maar wel die opbrengs van die polis.

34 "The consumer of life insurance purchases a policy which promises to pay his beneficiaries a stated amount of dollars in the event of his death" *Orren Corporate Power & Social Change* 71.

### 2.2.3 Vereistes vir die verkryging van lewensversekering

'n Versekeringskontrak is 'n wederkerige kontrak tussen 'n versekeraar en 'n versekerde ingevolge waarvan die versekeraar onderneem om, in ruil vir 'n bepaalde geldpremie, die versekerde 'n bedrag geld of die ekwivalent daarvan te laat toekom by die plaasvind van 'n gebeurtenis waarby die versekerde 'n belang het.<sup>35</sup>

Lewensversekering word volgens die *Wet op Seëlregte*<sup>36</sup> omskryf as 'n versekeringskontrak op enige lewe of lewens, of op 'n gebeurtenis of toeval met betrekking tot, of afhangende van enige lewe of lewens.<sup>37</sup>

Uit bogenoemde definisie blyk dit duidelik dat daar sekere *essentialia* is waaraan 'n lewensversekeringskontrak moet voldoen.<sup>38</sup> Voordat die *essentialia* bespreek word, word kortliks verwys na die partye betrokke by 'n versekeringskontrak.

#### 2.2.3.1 Partye tot versekeringskontrakte

Daar moet minstens twee partye, naamlik 'n versekeraar en 'n versekerde, aan die versekeringskontrak deelneem. Meerdere versekeraars en/of meerdere versekerdes kan egter ook deelneem.<sup>39</sup>

##### (a) Versekeraar

Die versekeraar is gewoonlik 'n maatskappy of instansie wat versekering met 'n winsoogmerk bedryf. Onderlinge versekeraars wat versekering sonder 'n winsoogmerk bedryf, word ook in die praktyk aangetref.<sup>40</sup> Die

---

35 *Cierenberg en Andere v Rorich, Wolmarans & Luderitz; Van Wyk en Andere v Lamprecht en 'n Ander* 2003 1 SA 40 (T).

36 *Wet op Seëlregte* 77 van 1968.

37 *Roeleveld SA Lewensversekeringsreg* 123. Volgens artikel 1 van die *Langtermynversekeringswet* 52 van 1998, word "lewenspolis" omskryf as: "n Kontrak ingevolge waarvan 'n persoon, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf by, en uitsluitlik as gevolg van, 'n lewensgebeurtenis, of 'n annuïteit vir 'n tydperk te betaal, en ook 'n herversekeringspolis ten opsigte van so 'n kontrak."

38 Vir doeleindes van hierdie ondersoek is 'n skadeversekeringskontrak nie relevant nie.

39 *Nagel Besigheidsreg* par 15.54.

40 "Captive insurance" 'n Onlangse ontwikkeling in die versekeringsreg is die gebruik van sogenaamde "captive insurance" (daar word tans nog geen amptelike Afrikaanse term erken nie, alhoewel die term "filiaalversekering" meestal gebruik word). In

versekeringswetgewing bevat streng riglyne en voorskrifte waaraan versekeraars moet voldoen.<sup>41</sup> Die doel hiervan is om die versekeringsbedryf te reguleer en versekerdes of voornemende versekerdes te beskerm. Die onderskeie wette bevat ook streng bepalinge oor die aanstelling en verpligtinge van ouditeure en versekeraars.<sup>42</sup>

#### (b) Versekerdes

In beginsel kan enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon ('n mens), 'n regs persoon (soos 'n maatskappy of beslote korporasie) of 'n vennoot in 'n vennootskap versekering uitneem. Alle persone besit versekerbare belange wat beskerm moet word.<sup>43</sup>

Vervolgens aan die orde is 'n kort uiteensetting van die *essentialia* van die versekeringskontrak. Daar is sekere vereistes waaraan 'n behoorlike en effektiewe koop-en-verkooppolis moet voldoen. Die polis moet reg gestruktureer word, met ander woorde die versekerdes, die aansoeker en premiebetaler moet die regte persone wees alvorens die polis voordelig sal wees.

#### 2.2.3.2 Essentialia van versekeringskontrakte

Voordat 'n geldige versekeringskontrak tot stand kom, moet die partye wilsooreenstemming bereik oor die nodige *essentialia*. Dit is die versekerbare belang, die risiko wat op die versekeraar afgewentel word, die dekking wat verleen word, die premie wat betaalbaar is en laastens die tydperk waarvoor die dekking verleen word.<sup>44</sup> Hierdie geld ook vir die lewensversekerings-

---

hierdie geval word 'n versekeraar deur 'n onderneming (byvoorbeeld 'n maatskappy) of groep ondernemings opgerig om in te staan vir die risiko's van gemelde ondernemings of die lede van dieselfde ondernemingsgroep.

41 *Wet op Finansiële Advies en Tussenganger Diens* 32 van 2000.

42 A 19 van die *Langtermynversekeringswet* 52 van 1998; A 1 van die *Korttermynversekeringswet* 53 van 1998.

43 *Nagel Besigheidsreg* par 15.57.

44 *Nagel Besigheidsreg* par 15.35.

kontrak. Elkeen van hierdie *essentialia* word vervolgens afsonderlik bespreek.<sup>45</sup>

(a) Versekerbare belang

Die versekerde moet 'n regtens erkenbare belang hê wat hy teen bepaalde risiko's wil verseker. Hierdie regtens erkenbare belang het veral by besigheidsversekering ook 'n vermoënsregtelike aard.<sup>46</sup> Dit beteken dat die belang vir hom 'n ekonomiese waarde moet hê. Die behoud van die belang moet 'n ekonomiese voordeel inhou, of die verlies of beskadiging daarvan moet ekonomiese nadeel inhou. 'n Persoon kan sy lewe, 'n ander persoon se lewe in wie hy 'n belang het of sy eiendom verseker. Hy kan ook regte, verpligtinge en selfs verwagtinge (soos by oesversekering), verseker.<sup>47</sup> By 'n koop-en-verkooppolis het die onderskeie vennote 'n belang in die vennootskap en ook in mekaar, aangesien elkeen 'n belangrike rol in die voortbestaan van die vennootskap speel.

(b) Risiko

Alhoewel dit moeilik is om die term risiko te omskryf, kan gesê word dat die risiko die moontlikheid van nadeel is waaraan 'n regsobjek of sy belange blootgestel word.<sup>48</sup> Risiko word meestal omskryf deur te verwys na spesifieke gevare waaraan versekerbare belang blootgestel word (soos diefstal of brand) of die nadelige gevolge wat intree indien die versekerbare belang aan hierdie gevare blootgestel word (soos besering of dood).<sup>49</sup> In gevolge van lewensversekering is die risiko die dood van die versekerde lewe. By 'n koop-en-verkooppolis is die risiko die dood van die vennoot.

(c) Premie

Dit is noodsaaklik dat die partye op 'n premie, betaalbaar as 'n geldbedrag, moet ooreenkom. Die woordomskrywing van 'n premie in sowel die *Langter-*

---

45 Hierdie *essentialia* sal slegs bespreek word m.v.n. en vir doeleindes van die koop-en-verkooppolis. Die doel is nie dat die bespreking moet dien as 'n volledige en in diepte ondersoek van elke *essentialium* in geheel nie.

46 Huebner en Kenneth *Life Insurance* 160.

47 Nagel *Besigheidsreg* par 15.36.

48 Mehr en Osler *Modern Life Insurance* 30.

49 Nagel *Besigheidsreg* par 15.37.

*mynversekeringswet*<sup>50</sup> as die *Korttermynversekeringswet*<sup>51</sup> bepaal dat 'n premie "die vergoeding is wat gegee word of gegee staan te word in ruil vir 'n onderneming om polisvoordele te verskaf". Die premie word normaalweg aktuarieel bereken deur die omvang van die risiko, die tydperk waarvoor dekking verleen word asook die moontlike prestasieverpligting van die versekeraar by die verwekking van die risiko, in ag te neem.<sup>52</sup>

Premies is gewoonlik vooruit betaalbaar, alhoewel daar soms in die praktyk gevalle voorkom waar die partye ooreenkom dat premies agteruit betaalbaar is.<sup>53</sup> Die verskuiwing van die risiko sal in die gewone geval dus eers plaasvind sodra die eerste premie deur die versekerde aan die versekeraar betaal is. Die aanspreeklikheid van die langtermynversekeraar word opgeskort tot die eerste premie betaal is of totdat voldoende reëlings daarvoor getref is.<sup>54</sup>

#### (d) Dekking

Dekking behels die omvang van die versekeraar se verpligting om die nadeel wat die versekerde sou gely het, op hom te neem en te dra tot dié mate waarop die partye kontraktueel ooreengekom het en tot die mate waartoe die risiko verwerklik is.<sup>55</sup> By die koop-en-verkooppolis is die dekking dan gewoonlik die waarde van die onderskeie vennote se belang in die vennootskap.

#### (e) Tydperk van dekking

Die tydperk waarvoor die versekeraar bereid is om dekking te verleen, moet bepaald of bepaalbaar wees. Die omvang van die risiko en die gevolglike premie wat deur die versekerde betaalbaar is, kan slegs met verwysing na die tydperk bepaal word.<sup>56</sup> By 'n koop-en-verkooppolis is die tydperk gekoppel

---

50 A 1 van die *Langtermynversekeringswet* 52 van 1998.

51 A 1 van die *Korttermynversekeringswet* 53 van 1998.

52 *Nagel Besigheidsreg* par 15.42.

53 *SA Eagle Versekeringsmaatskappy v Steyn* 1991 4 SA 841 (A).

54 A 51 van die *Langtermynversekeringswet* 52 van 1998.

55 *Nagel Besigheidsreg* par 15.46.

56 Waar die tydperk bepaald is deur na spesifieke datums te verwys (dekking word byvoorbeeld vanaf 1 Januarie 2004 tot 1 Januarie 2005 verleen), word die siviele berekeningsmetode gevolg. Dit is so tensy die partye kontraktueel anders ooreengekom het. Dekking word vanaf die eerste oomblik van die eerste dag tot die eerste

aan die dood van die vennoot of die tydperk wat die vennoot nog 'n vennoot in die vennootskap is, watter een ookal eerste plaasvind.

### 2.2.3.3 Die struktuur van 'n koop-en-verkooppolis

Met die koop-en-verkoopooreenkoms wat gefinansier word deur 'n lewenspolis, word die polis nie aan die bevoordeelde sedeer nie, maar slegs begunstig. Die versekerde lewe kan egter nie die begunstigdebeneoeming verander net soos hy wil nie. Die begunstiging moet steeds aan die vereistes van 'n koop-en-verkoopooreenkoms voldoen. Op so 'n manier kan die optimale voordeel uit die ooreenkoms verkry word. Die regte struktuur van 'n koop-en-verkoopooreenkoms is die volgende: Vennoot A is die versekerde lewe. Vennoot B, van dieselfde vennootskap, is die eienaar van die polis en betaal dus die premie van die polis. Vennoot B wat die eienaar van die polis is, is dan ook die begunstigde van die polis.

Met hierdie konstruksie van die polis word daar voldoen aan die vereistes van die koop-en-verkoopooreenkoms. Om in eenvoudige taal die vereistes van dié ooreenkoms voor te stel, word die 3-P-beginsel gebruik:<sup>57</sup>

- "Partner" dit moet deur 'n natuurlike persoon, wie 'n vennoot van die vennootskap moet wees, op die lewe van 'n ander persoon, wie ook 'n vennoot van die vennootskap moet wees, uitgeneem word;
- Premie die versekerde lewe mag nie self die premie van die polis op sy lewe uitgeneem, betaal nie;
- "Purpose" die doel van die polis moet vir die aankoop van 'n vennoot se belang aangewend word.

---

oomblik van die laaste dag verleen. Die versekerde sal in hierdie geval dus dekking hê op 1 Januarie 2004, maar nie op 1 Januarie 2005 nie. Indien die kontrak egter bepaal dat die versekerde dekking geniet vanaf die eerste dag tot en met of tot en insluitende die laaste dag vermeld, word die laaste dag ook ingesluit (Nagel *Besigheidsreg* par 15.51).

57 A 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet*.

Die opbrengs van die polis kan nie aan die gade van die versekerde lewe begunstig word nie. Alhoewel die opbrengs indirek na haar gaan na die belang verkoop is, voldoen dit nie aan die gestelde vereistes as sy direk begunstig word nie. As dit wel so gebeur gaan die gade dan na die afsterwe van die versekerde lewe met beide die opbrengs en die belang in die vennootskap sit. Verder kan die opbrengs nie aan die vennootskap begunstig word nie, want die vennootskap kan nie sy eie belang terugkoop nie.<sup>58</sup> Volgens die reg kan besighede nie aan lede geld leen om 'n aandeel in dieselfde besigheid te koop nie.

### 3 Boedelbelastingvoordele

In Suid-Afrika word boedelbelasting gehef ingevolge die *Boedelbelastingwet*. In die geval van 'n persoon wat oorlede is terwyl sy gewone verblyfplek in Suid-Afrika was, word die belasting gehef op alle bates van watter aard ookal wat binne die *Boedelbelastingwet* se definisie van "eiendom" en "eiendom geag eiendom te wees" val. Die belasting word gehef op die belasbare waarde van die boedel.<sup>59</sup>

'n Voorbeeld van eiendom geag eiendom te wees, is onder andere lewensversekering. Die opbrengs van die lewenspolis word in die boedel van die versekerde lewe as 'n **geagte bate** gesien.<sup>60</sup> Al word die opbrengs aan iemand anders uitbetaal, word dit as 'n geagte bate in die versekerde lewe se boedel gesien.<sup>61</sup>

Die somtotaal van alle eiendom en eiendom wat geag word eiendom te wees staan as die **bruto boedel** bekend. Die bruto boedel word verminder met alle aftrekkings en kortings wat deur die *Boedelbelastingwet* toegelaat word. Die resultaat staan bekend as die **netto boedel**. Die waarde van die netto boedel

---

58 Dus kan 'n maatskappy, BK of vennootskap nie self die polis uitneem, op die vennote se lewe en die premie betaal nie. Die vennootskap kan ook nie die polis uitneem en die ander vennote begunstig nie, want in daardie geval sal die vereiste volgens a 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet* waar vereis word dat die premie deur 'n natuurlike persoon betaal moet word, nie nagekom word nie.

59 Abrie *Bestorwe Boedels* 180.

60 Stein *Estate duty Principles and Planning* 37.

61 A 3(3)(a) van die *Boedelbelastingwet*; *Cierenberg en Andere v Rorich, Wolmarans & Luderitz Van Wyk en Andere v Lamprecht en 'n Ander* 2003 1 SA 40 (T).

kan vervolgens verminder word met 'n korting van R1.5 miljoen in alle boedels waar 'n persoon op of na 1 Maart 2002 oorlede is en R1 miljoen indien die persoon voor 1 Maart 2002 oorlede is.<sup>62</sup> Die restant staan bekend as die **belasbare bedrag** van die boedel. Belasting word daarop gehef teen 'n eenvormige tarief van 20% in die geval van persone wat op of na 1 Oktober 2001 oorlede is. In die geval van persone wat voor 1 Oktober 2001 oorlede is, is die tarief 25%.<sup>63</sup>

Daar is egter sekere gevalle waar die opbrengs van 'n polis nie as 'n geagte bate in die boedel van die oorledene beskou word nie en dus ook nie belasbaar is nie. Die een is in die geval van die sleutelmanversekeringspolis. 'n Bespreking hiervan val buite die omvang van hierdie navorsing. Die ander is die geval van die koop-en-verkooppolis. Volgens artikel 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet* word die opbrengs van 'n **koop-en-verkooppolis** nié as 'n geagte bate in die boedel van die versekerde lewe beskou nié, indien<sup>64</sup>

- (iA) die Kommissaris oortuig is dat die polis deur 'n persoon wat op die datum van dood van die oorledene 'n **vennoot** van die oorledene was, of 'n aandeel of soortgelyke belang besit het in 'n maatskappy waarin die oorledene op daardie datum 'n aandeel of soortgelyke belang besit het, uitgeneem of verkry is met die **doel** om daardie persoon in staat te stel om die geheel of 'n deel te verkry van-
- (aa) die oorledene se belang in die betrokke vennootskap; of
- (bb) die oorledene se belang of soortgelyke in daardie maatskappy en 'n eis deur die oorledene teen daardie maatskappy,

en dat geen **premie** op die polis deur die oorledene betaal of gedra is nie;

Dit is baie belangrik dat die polis aan al die vereistes van die *Boedelbelastingwet* moet voldoen alvorens die opbrengs van die polis nie 'n geagte bate in die boedel van die versekerde lewe sal wees nie. Hierdie vereiste is, met die risiko van herhaling, eerstens dat die premie nie deur die versekerde lewe self betaal word nie. Tweedens moet dit deur 'n persoon op die lewe van 'n ander persoon uitgeneem word. Derdens moet dit ook vir die regte doel aangewend

---

62 A 4A van die *Boedelbelastingwet*.

63 Abrie Bestorwe *Boedels* 181.

64 Miller *Corporate & Personal Financial Planning 2004* 248.

word en dit is dat die polisopbrengs gebruik moet word om die oorlede vennoot se belang in die besigheid te koop.

Die boedelbelastingvoordeel verdwyn natuurlik wanneer die polis aan 'n derde party sedeer word. Dan voldoen dit nie aan die vereistes van die *Boedelbelastingwet* nie,<sup>65</sup> vir die eenvoudige rede dat die derde nie die opbrengs ontvang uit die lewenspolis aanwend vir die verkryging van 'n oorlede vennoot se belang in 'n besigheid nie.

#### **4 Die koop-en-verkooporeenkoms as boedelbeplanningsinstrument**

In die sakewêreld is beplanning 'n alledaagse en onontbeerlike verskynsel. Binne die samelewing waarin die mens homself, bevind is beplanning 'n essensiële en onmisbare deel waarsonder goeie bestuur nie moontlik is nie. Persoonlike boedelbeplanning is net so 'n essensiële element soos beplanning in die sakewêreld. Dit verseker dat die naasbestandes van die oorledene goed versorg sal wees. Deur die regte persoonlike beplanning kan kontinuïteit van die individu se deelname aan die besigheidswêreld verseker word. Suksesvolle boedelbeplanning kan dus 'n aanstigting wees vir suksesvolle ekonomiese bedrywighede in die handel.<sup>66</sup>

Wanneer dit kom by boedelbeplanning moet die besigheidsbelange van die boedeleienaar deeglik in aanmerking geneem word om sodoende kontinuïteit in sy persoonlike boedel te verseker na die afsterwe van die boedeleienaar. Nog 'n belangrike oogmerk van 'n koop-en-verkooppolis vir doeleindes van boedelbeplanning is om kontinuïteit in die belange van die besigheid te verseker. Die rede daarvoor is die volgende: Met die dood van die versekerde lewe wat 'n besigheidsbelang gehad het, word alle bankrekenings van die versekerde lewe gesluit. As die versekerde lewe die enigste houer van die belang in die besigheid gehad het, kan die besigheid nie voortgaan voor die boedel nie afgehandel is nie. Dit neem 'n minimum tydperk van ongeveer ses maande om 'n eenvoudige boedel te bereedder. Wanneer 'n

---

65 Dawson 1996 *Tax Planning* 33.

66 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 182.

ander persoon ook 'n belang in die besigheid het, kan die bestuur van die besigheid aangaan. Dan is daar iemand wat namens die besigheid byvoorbeeld die tjeks kan teken en besluite kan neem.<sup>67</sup> Wanneer daar 'n polis is waarmee die ander belanghebbende(s) die belang van die oorlede eienaar kan koop, kan dit ook verseker dat daar genoegsame kontant daarvoor sal wees. Soos reeds genoem is die koop-en-verkoopvooreenkoms gefinansier deur 'n koop-en-verkooppolis, ideaal om die ander belanghebbende(s) te verplig om die belang by die oorledene te koop vir die doeleindes van kontinuïteit en die voorkoming van ongewenste belanghebbendes in die vennootskap, na die dood van een van die vennote.

Die koop-en-verkooppolis is tipiese risikodekking en myns insiens die goedkoopste en mees effektiewe wyse om voorsiening vir die nodige fondse te maak. Benewens hierdie feit bied hierdie polisse ook die verdere voordeel dat indien die struktuur daarvan reg is, **geen boedelbelasting** betaalbaar sal wees nie. Hierdie tipe polisse is 'n uitsondering op die algemene reël dat die opbrengs van alle binnelandse polisse op 'n lewe deel van die belastingboedel van die polishouer vorm, ongeag of dit aan sy boedel of aan iemand anders as begunstigde uitbetaal is of word.<sup>68</sup> Indien voldoen word aan die vereistes soos gestel deur artikel 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet*, sal die opbrengs van die polis vrygestel wees van boedelbelasting.<sup>69</sup>

Dit is algemene kennis dat die trust ook 'n baie goeie boedelbeplanninginstrument is. Die vraag wat vervolgens opkom is of dit moontlik kan wees om sonder enige nadelige gevolge die twee instrumente te kombineer om sodoende die voordele ten opsigte van boedelbeplanning wat deur 'n trust voorsien word, soos om die groei van die belang uit die boedel te hou, die belang in die vennootskap eerder in die trust te hou. Indien dit moontlik is, sal

---

67 In die geval van 'n vennootskap, ontbind 'n vennootskap met die dood van 'n vennoot, maar die ander vennoot het nog steeds die reg om die besluite te neem en met die koop-en-verkooppolis kan die oorlede vennoot se belang in die vennootskap onmiddellik gekoop word en 'n nuwe vennootskap ontstaan.

68 Sien bespreking in par 3.1 hierbo.

69 *Stein Estate duty Principles and Planning* 39.

dit 'n uitstekende beplanningsinstrument tot gevolg hê. Volgens wetgewing is bogenoemde nie moontlik sonder enige probleme nie.<sup>70</sup>

Alvorens die vraag beantwoord word, sal die trust as boedelbeplanningsinstrument eers kortliks ontleed word. Die doel is om bloot te dien ter verduideliking van die werking van die trust as boedelbeplanningsinstrument. Daarom word 'n indiepte ondersoek nie beoog nie.

## 5 Die trust in die Suid-Afrikaanse reg

Die begrippe "trust" en "trustee" is van Engelse oorsprong en was vreemd aan die Suid-Afrikaanse reg, wat op die Romeins-Hollandse reg gebaseer is.<sup>71</sup> Die trust het geleidelik deel van die Suid-Afrikaanse reg geword nadat die Kaap onder Britse bewind gekom het.<sup>72</sup> Die Suid-Afrikaanse regsgeleerdes het aanvanklik probeer om die trust in die Suid-Afrikaanse reg te inkorporeer, maar kon dit vanweë die aard daarvan nie direk oorneem in die Suid-Afrikaanse reg nie. Verskillende metodes is gevolg en ten einde was die konsep "kontrak ten behoeve van 'n derde" die gepaste vorm om trusts deel van die Suid-Afrikaanse reg te maak.<sup>73</sup>

Die wetgewer, hoewel en regspraktisyns het vervolgens 'n eie Suid-Afrikaanse trustreg, gegrond op Romeins-Hollandse regsbeginnelels maar ook beïnvloed deur die Engelse reg, ontwikkel ter voldoening aan moderne praktykbehoefte.<sup>74</sup>

---

70 Agv a 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet*, wat nie die trust as 'n persoon ag nie, en verder ook nie die trust as 'n regspersoon beskou nie.

71 Die trust word beskryf as: "an equitable obligation binding a person (who is called a trustee) to deal with property over which he has control (which is called trust property) for the benefit of persons (who are called beneficiaries or *cestuis que trust*) to whom he may himself be one and any one of whom may enforce the obligation" (Parker en Mellows *Modern Law of Trusts* 5; Ramjohn *Cases & Materials* 7; Oakley *Modern Law of Trusts* 12).

72 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 84.

73 Olivier *Trustreg en praktyk* 19.

74 Die saak van *Braun v Blann and Botha* 1984 2 850 (A) is 'n baie belangrike mylpaal in die ontwikkeling van 'n eie trustreg. Die uitspraak was die eerste belangrike stap om die trust as iets eiesoortig te erken. Na aanleiding van die uitspraak is dit histories en egter verkeerd om 'n trust aan 'n *fideicommissum* en 'n trustee aan 'n *fiduciarius* gelyk te skakel. Die trust is in 'n regstegniese sin 'n unieke regsverskynsel wat as *sui generis* of eiesoortig beskou kan word. Die Engelsregtelike formule van *legal en equitable ownership* vreemd aan ons reg is. Die trustidee in ons reg aanvaar

Die *Wet op die Beheer oor Trustgoed*<sup>75</sup> is aangeneem.<sup>76</sup> Hierdie wet is nie 'n volledige kodifikasie van die trustreg nie. Verskeie aspekte van die trustreg word steeds deur die gemenerereg gereël.<sup>77</sup> Die *Trustwet* is ook nie van toepassing op mondelinge trusts nie, tensy die bepalings daarvan later op skrif gestel word.<sup>78</sup>

Om vervolgens te bepaal of die trust en die koop-en-verkoop-ooreenkoms as boedelbeplanningsinstrumente met mekaar versoen kan word, is dit nodig om die regs aard van die trust te ondersoek.

Vir doeleindes daarvan word slegs na die eiendomstrust/diskresionêre trust verwys. 'n Bespreking van die bewindtrust word nie beoog nie,<sup>79</sup> want dit is nie relevant vir die oogmerk van die ondersoek, naamlik die beveiliging van bates nie.

---

is, maar dat ons howe dit ontwikkel het om by ons eie regsbeginsels aan te pas en dat die ontwikkelingsproses steeds voortduur. As die trust beëindig sou word, die trustee ook geen persoonlike voordele ten aansien van die trustgoed het nie. Die trustgoed by die dood van die trustee nie aan sy persoonlike erfgename vererf nie. Alle voordele wat uit die trust voortspruit deurgaans aan die begunstigdes as inkomste of kapitaalbegunstigdes deurgegee moet word. Daar kan verklaar word dat die testamentêre trust as 'n trust in eie reg deel van ons reg vorm en dat dit nie as iets anders vermom hoef te word om dit vir ons aanvaarbaar te maak nie. Sien ook *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 297E-F.

75 Die *Wet op die Beheer van Trustgoed* 57 van 1988 (hierna die *Trustwet* genoem).

76 Olivier "The trust: Now and in the New Millenium" in Coetzee *HL Swanepoel Gedenk-bundel* 2.

77 Dit was nie die doel van die Suid-Afrikaanse Regskommissie om die trustreg te kodifiseer nie en het wegbeweeg van te veel staatsbeheer (Olivier "The Trust: Now and in the New Millenium" in Coetzee *HL Swanepoel Gedenk bundel* 3).

78 Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en Finansiële Beplanning* 84-85.

79 Olivier *Trustreg en praktyk* 111.

## 5.1 Die regs aard van 'n trust<sup>80</sup>

### 5.1.1 Die regspersoonlikheid van 'n trust

'n Trust is nie 'n regspersoon nie.<sup>81</sup> Dit geniet dus nie 'n selfstandige bestaan nie en is ook nie 'n draer van eie regte en verpligtinge nie. Die bates, laste, regte en verpligtinge van die trust vestig in die trustee.<sup>82</sup> Die trustee is eienaar van die trustbates in sy amptelike hoedanigheid. Hy is ampshalwe aanspreeklik vir die skulde van die trust, betaalbaar uit die bates en inkomste van die trust.<sup>83</sup>

Die trust geniet egter selfstandigheid en afsonderlikheid aangesien die reg 'n onderskeid tref tussen die trustboedel en die private boedel van die trustee. Die reg vereis ook van die trustee om te verhoed dat die bates van die twee boedels vermeng. Hoewel die trustee die eienaar van beide boedels is, behandel die reg hom soos twee eienaars van twee totaal afsonderlike boedels.<sup>84</sup>

Aangesien die trust nie 'n regspersoon is nie, kan dit nie self 'n kontrak sluit nie. Kontrakte van die trust word deur die trustee as verteenwoordiger van die trust gesluit. Die trustee ontleen sy magtiging om namens die trust te kontrakteer uit die trustdokument, nadat hy behoorlik deur die Meester gemagtig is. Hy mag daarom alleen handel binne die perke wat die dokument neerlê. Indien daar volgens die trustdokument meer as een trustee moet

---

80 Daar bestaan twee vorme van trusts, nav die beheer oor trustgoed, nl: 'n Eiendoms- en bewindtrust. By 'n eiendomstrust is die trustee die reghebbende van die trustbates en moet hy as sodanig sy beheer- en beskikkingsbevoegdhede ten aansien van die trustbates uitoefen tot voordeel van die trustbegunstigde of ter bereiking van die een of ander doel. By 'n bewindtrust is sekere begunstigdes die reghebbendes van die trustbates, terwyl die trustee slegs die beheer- en beskikkingsbevoegdhede verkry (*Olivier Trustreg en Praktyk* 111). Daar is skrywers wat meen dat 'n bewindtrust nie as 'n trust beskou moet word nie. In *Schaumberg v Stark* 1965 4 SA 462 (A) het die Appèlafdeling 'n trust waar die begunstigde eienaar van die trustgoed was, as 'n regsgeldige trust beskou. Dit blyk ook duidelik uit die omskrywing van trusts in die *Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988 dat die wetgewer 'n bewindtrust as 'n trust beskou. *Ramjohn Cases & Materials on Trusts* 105; *Oakley Modern Law of Trusts* 41.

81 *Friedman NNO v CIR: In Re Phillip Frame Will Trust v CIR* 1991 2 SA 340 (W).

82 *Ramjohn Cases & Materials* 9.

83 Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 9 *Hersiening van die Trustreg* (1987) 22.

84 *Cilliers Ondernemingsreg* 360.

wees, is die reël in die afwesigheid van 'n ondersluidende bepaling in die trustakte dat hulle gesamentlik moet handel.<sup>85</sup> Die trust kan slegs optree deur die trustees, soos gespesifiseer in die trustdokument. Dit wil sê wie die trustees is, die getal trustees, hoe hulle aangestel word en onder watter omstandighede hulle die bevoegdhede het om die trustbates te bind, word in die trustdokument omskryf.<sup>86</sup>

Aksies deur of teen die trust word gewoon teen die trustee in sy hoedanigheid as trustee ingestel.<sup>87</sup> Indien uitspraak teen die trust gegee word, kan eksekusie alleen teen die trustbates gehef word.<sup>88</sup>

### 5.1.2 *Tipes trusts*

Daar kom twee tipes trust voor, naamlik die testamentêre of *mortis causa* trust en die in lewe of *inter vivos* trust.<sup>89</sup>

#### 5.1.2.1 *Mortis causa* trust

'n *Mortis causa* trust ontstaan eers by die dood van die erflater.<sup>90</sup> Die trustakte is te vinde in die testament self.

Wanneer dit kom by boedelbelasting, is daar geen voordeel met die dood van die erflater as hy al sy bates direk aan die trust bemaak nie, maar wel voordelig vir die nageslag. Dit is so omdat bates eers deur die boedel van die testateur gaan en dan in die trust in. Die bates vorm met ander woorde steeds deel van die boedel van die testateur. Dit skep net *fidusiêre* regte.<sup>91</sup> Die boedel van die erflater sal ook steeds eksekuteursloon op die bates moet betaal, aangesien die bates deur die eksekuteur hanteer word.<sup>92</sup>

---

85 Cilliers *Ondernemingdreg* 361; *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (SCA).

86 *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (SCA).

87 Oakley *Modern Law of Trusts* 543.

88 Cilliers *Ondernemingdreg* 362.

89 *Ramjohn Cases & Materials* 11.

90 *Ex parte Estate Davies* 1957 3 SA 471 op 474.

91 'n *Fideicommissum* is die benaming wat aan die regsverskynsel gegee word wat 'n mens vind wanneer A sy plaas of eiendom aan B bemaak en as B te sterwe kom, die eiendom na C moet gaan en as C te sterwe kom, D dit kry.

92 *Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 492.

### 5.1.2.2 *Inter vivos* trust

Hierdie trusts staan ook bekend as 'n lewendige trust aangesien die trust voor die dood van die erflater reeds opgerig en geregistreer word. Die *inter vivos* trust kom tot stand deur middel van 'n kontrak en moet derhalwe aan al die kontrakformaliteite voldoen.<sup>93</sup> Op so 'n manier kan die oprigter<sup>94</sup> tydens sy lewe goedere aan die trust skenk of in die trust se naam registreer sodat dit nie by sy dood in sy bestorwe boedel val nie. Sodoende spaar die persoon wat bates aan die trust skenk boedelbelasting asook eksekuteursloon.<sup>95</sup> 'n Toelaatbare bedrag van R30 000 (dertig duisend rand) kan jaarliks per individu aan die trust geskenk word, sonder dat skenkingsbelasting daarop gehef sal word.<sup>96</sup>

Die rede hiervoor is: Die persoonlike boedel van die boedeleienaar moet so klein moontlik gehou word. Enige verdere groei moet buite sy boedel plaasvind, soos byvoorbeeld in 'n trust. 'n Belang in 'n besigheid moet so gou moontlik in die naam van 'n trust gekry word om sodoende die groei van die belang in die trust te laat plaasvind en nie in die boedel van die persoon nie. Daarom moet enige bate(s) wat vinnig groei of potensiaal het om vinnig te groei, uit die boedel van die boedeleienaar gehaal word en in die trust gekry word. Veral dán sal dit baie goed wees as daar 'n koop-en-verkooppolis uitgeneem kan word deur die trustee van die betrokke trust, op die lewe van die trustee van die ander betrokke trust, en omgekeerd.<sup>97</sup> Dit kan slegs in die geval voorkom waar die trust die belanghouers is en nie die trustees in hul

---

93 Die vereistes vir die oprig van 'n geldige trust is: Daar moet wilsooreenstemming wees; die oprigter moet bedoel om 'n trust op te rig; die oprigter moet sy bedoeling op so 'n wyse verwoord dat 'n regsgeldige trustverbintenis geskep word; die trusteeendom moet met voldoende sekerheid omskryf word; die doel van die trust moet seker wees; die doel van die trust moet wettig wees (Cilliers *Ondernemingsreg* 363). Die Appèlhof beslis in *CIR v Estate Crew* 1943 AD 656 dat " 'n *inter vivos* trust kom tot stand deur 'n kontrak tussen die oprigter en trustee ten behoeve van die begunstigdes." Olivier *Trustreg en Praktyk* 19.

94 Wat ook een van die trustees kan wees.

95 *Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A).

96 A 56(2)(b) van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

97 Die onderskeie trust bly die vennote van die vennootskap, maar die trustees tree op as verteenwoordigers van die betrokke trusts.

persoonlike hoedanigheid nie,<sup>98</sup> sodoende kan kontinuïteit verseker word na die dood van een van die trustees.

By 'n trust *inter vivos* kan daar weer onderskei word tussen die volgende soorte trusts: familietrust, diskresionêre trust, vestigingstrust (nie-diskresionêre trust), liefdadigheidstrust, besigheidstrust en buitelandse trust.<sup>99</sup>

Daar is verskeie voordele wat die trust in die praktyk inhou. Dit is baie gewild onder boedelbeplanners, met die bepanning van 'n boedel. Een van die groot voordele van 'n trust, kom in by sekwestrasie. Die invloed van sekwestrasie word kortliks bespreek met verwysing na die sekwestrasie van die verskillende partye tot 'n trust.

### 5.1.3 Voordele met sekwestrasie

Die struktuur of samestelling van 'n trust kan so gekonstrueer word dat die bates in die trust nie deel vorm van die bates in die boedeleienaar se boedel nie. Daarom kan bates in die trust veilig wees.<sup>100</sup> Ons kyk vervolgens na die uitwerking van sekwestrasie van die trustoprigter, die trustee en die begunstigde, ten opsigte van hoe dit mekaar onderskeidelik beïnvloed.

---

98 Verwys na vooreeld in (1) hierbo.

99 By 'n diskresionêre trust word die diskresie aan die trustee gegee om te besluit oor die bestuur van die trust, solank die hoofdoel van die trust behoue bly. Dit beteken dat die trustees wel oor die trustbates kan besluit. Hul kan nie aan die begunstigdes van die trust verander nie, want dan word daar aan die doel van die trust verander. Verder moet die trustees hul diskresie gebruik met die uitbetaling van inkomste aan die begunstigdes, hul moet besluit wie moet inkomste kry, hoeveel moet elkeen kry, wanneer hulle moet kry en op watter wyse die begunstigde bevoordeel moet word. Hulle kan ook slegs tot 'n paar of tot een situasie 'n diskresie hê. Hulle hoef nie oor alles 'n diskresie te hê nie. Maw wanneer een van die begunstigdes insolvent is, moet hy/sy nie inkomste uit die trust ontvang nie. Die non-diskresionêre trust vestig 'n reg in die begunstigde. Die doel van 'n non-diskresionêre trust is om aan spesifieke, uitdruklike of beskrywende individue 'n gevestigde reg te gee, deur aan hulle 'n aandeel in die inkomste of gelyke verdeling van die inkomste van die trust te gee. Sodanige trusts kom tot stand op datum waarop die ooreenkoms, waaruit die trust voortspruit, aangegaan en goedgekeur is (*Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A)).

100 Oakley *The Modern Law of Trusts* 255.

### 5.1.3.1 Sekwestrasie van die trustoprigter se boedel<sup>101</sup>

Die bate(s) wat deur die oprigter aan die trust<sup>102</sup> geskenk word val dan nie meer in die persoonlike boedel van die skenker nie. Daardie geskenkte bate(s) vestig dan in die trustee. Dus het die oprigter se persoonlike skuldeisers geen reg op daardie bate(s) nie.<sup>103</sup> Al wat hier nog relevant sal wees, is die vernietigbare regshandeling om te bepaal of die aanvanklike skenking of verkoop nie moontlik tersyde gestel kan word nie.

### 5.1.3.2 Sekwestrasie van die trustee se boedel

Die trustbates vorm nie deel van die oprigter, begunstigde of trustee se persoonlike boedel nie,<sup>104</sup> hoewel die trustee eienaar van die bates is. 'n Aparte boedel, die trustboedel, word dan gevorm vir die trustbates.<sup>105</sup> Indien die trustee se persoonlike boedel gesekwestreer word, sal dit geen negatiewe gevolge vir die begunstigdes en trustskuldeisers inhou nie.<sup>106</sup> Slegs die trustee se persoonlike of private boedel kom dan in die gedrang.<sup>107</sup> Die teendeel is ook waar. As die trustboedel gesekwestreer word, word die trustee se persoonlike boedel nie geraak nie.

### 5.1.3.3 Sekwestrasie van die begunstigde se boedel

Hier hang dit af van watter tipe trust opgerig is.<sup>108</sup> Soos reeds genoem, vestig eiendomsreg in die trustee(s) indien 'n eiendomstrust ter sprake is. Nou moet onderskei word of die eiendomstrust 'n diskresionêre trust of 'n nie-

---

101 Hou in gedagte die twee verskyningsvorme wat die meeste in die praktyk voorkom in die geval van 'n *inter vivos* trust, nl waar die oprigter 'n buitestaander is wat gewoonlik bloot R100 aan die trust skenk of waar die "oorspronklike boedeleienaar" oprigter en mede trustee is.

102 Slegs die eiendomstrust is ter sprake.

103 Stander 1999 TRW 152.

104 Tensy regte gevestig het.

105 Wat die *Insolvensiewet* betref is die trust 'n afsonderlike skuldenaar. Sien *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd v Summerly* 1984 1 SA 162 W; *Shroobree and Others NNO v Van Rooyen NO and Others* 2004 1 SA 226 (SE).

106 A 12 van die *Trustwet*. Trustbates vorm nie deel van die trustee se persoonlike boedel nie. A 10 en 11 beskerm die trustgoed teen persoonlike skuldeisers van die trustee.

107 Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 9 *Hersiening van die Trustreg* (1987) 43.

108 Wanneer dit 'n bewindtrust is vestig daar 'n reg in die begunstigdes ten opsigte van die trustbates. Op dié wyse val die trustbates binne die insolvente boedel van die begunstigde omdat die begunstigde eienaar van die trustbates is.

diskresionêre trust is, want ingevolge artikel 20(2)(b) van die *Insolvensiewet*, word die trustbates van 'n nie-diskresionêre trust ook opeisbaar met sekwestrasie van die begunstigde. Met die diskresionêre trust is daar nie 'n gevestigde reg wat die begunstigde het ten opsigte van die trustbates nie.<sup>109</sup> Indien 'n diskresionêre trust opgerig word, moet die trustee nog die besluit neem of die begunstigde wel inkomste of kapitaal uit die trust gaan ontvang. Indien die begunstigde se boedel wel gesekwestreer word, moet die trustee eenvoudig nie meer inkomste as wat nodig is vir sy onderhoud en dié van sy gesin aan die begunstigde toe ken nie, anders sal die skuldeisers hul hande daarop kan lê.<sup>110</sup> Daar moet met ander woorde baie mooi gekyk word na die trustakte. Indien die trustakte 'n gevestigde reg op die trustbates aan die begunstigdes verleen, sal die skuldeisers die trustbates kan eis. Andersins is die trustbates veilig.<sup>111</sup>

#### 5.1.3.4 Sekwestrasie van die trust

"Die trust is 'n skuldenaar in die gewone sin van die woord."<sup>112</sup> Skuld kan aangegaan word in die naam van die trust en die trust kan bates hou, net soos 'n natuurlike persoon.<sup>113</sup> Sodoende kan die trust ook gesekwestreer word. In so 'n geval is dit slegs die trustbates wat in gedrang is. Die trusteees tree slegs in amptelike hoedanigheid op. Hy kan slegs in sy amptelike hoedanigheid aangespreek word, nie in sy persoonlike hoedanigheid nie.<sup>114</sup> Die trustboedel is

---

109 Trustbates sluit in, roerend en onroerende goed, ook voorwaardelike regte.

110 Wanneer die erflater 'n erfplasing aan 'n erfgenaam wil bemaak, bemaak hy dit aan 'n diskresionêre trust en nie aan die erfgenaam self nie, op so manier geniet die erfgenaam nog steeds die voordele van die trust, maw die erfgenaam word nog steeds bevoordeel, die trustbates is beskerm, die trust word nie gebind indien die erfgenaam gesekwestreer word nie, en die krediteure kan dus nie beslag lê op die trustbates nie. Indien die begunstigde (erfgenaam) gesekwestreer sou word sal die trusteees die bevoegdheid hê om nie die begunstigde te bevoordeel nie, maar eerder sy gade of kind. Op so manier kan die krediteure nie op die voordeel beslag lê nie. Hierdie word ook die *protective trust* genoem, wat op 'n diskresionêre trust gebaseer is.

111 Stander 1999 TRW 156.

112 Sien *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd v Summerly* 1984 1 SA 162 W.

113 Alhoewel die trust nie oor regs persoonlikheid beskik nie, tree dit op asof dit het.

114 Stander 1999 TRW 158; In *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and others* 2005 2 SA 77 (SCA) het die hof die volgende beslis: "Die trustee(s) van die trust is gemagtig om die trust te bind, en dus aanspreeklik te hou teenoor krediteure. Volgens die trustakte word daar drie trusteees vereis maar slegs twee was aktief betrokke by die bestuur van die trust. "Until third trustee appointed by trusteees,

dus alleen verantwoordelik teenoor die skuldeisers en nie die boedels van die trustee(s) of begunstigde(s) nie.<sup>115</sup>

## 5.2 Die trust as boedelbeplanningsinstrument

Boedelbeplanning kan ten aansien van die beskikking oor boedelbates, verskeie vorms aanneem:<sup>116</sup>

- (a) Die boedeleienaar volstaan met die maak van 'n testament. Hy verly die testament gedurende sy lewe maar die bepalings van die testament tree eers by sy dood in werking. Dit is dus beplanning met **nadoodse gevolge**. Gedurende die boedeleienaar se lewe verander niks nie.
- (b) Aktiewe stappe word tydens die boedeleienaar se lewe geneem waar die testament nie die enigste aktiwiteit is nie maar 'n onderafdeling van 'n breëre skema is.<sup>117</sup> Hierdie is 'n vorm van boedelbeplanning wat **voordoodse gevolge** het.

Waar goedere verkoop word om dit uit die hande van die boedeleienaar te verwyder ten einde verdere boedelgroei te stuit, word aanbeveel dat daar van 'n eiendomstrust gebruik gemaak word.<sup>118</sup> Die redes vir hierdie standpunt is die volgende:

- (a) By die trust word die beheer en voordele van eiendomsreg geskei. Die boedeleienaar kan tydens sy lewe as trustee optree en derhalwe kan hy die goedere nog beheer. Al beheer hy die trust kan hy as trustee,

---

trustee body envisaged in trust deed not in existence and trust estate not capable of being bound”.

115 Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 9 *Hersiening van die trustreg* (1987) 5.

116 Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 184. As die boedeleienaar geen aktiewe stappe neem, selfs nie eers 'n testament maak nie, vererf sy goedere by dood volgens die reëls van die intestate erfreg (*Stein Estate Duty* 111).

117 A verkoop bv sy plaas aan sy seun en sy blok woonstelle aan sy dogter. Die seun en dogter het nie geld om hom te betaal nie. Hulle skuld dus die geld aan hom. A doen dit om te voorkom dat die plaas en die blok woonstelle in sy hande in waarde toeneem. Hy beperk dus boedelgroei ter besparing van boedelbelasting. A maak ook 'n testament waarin hy sy woonhuis en sy versekering aan sy vrou nalaat en die skulde van die seun en dogter word aan hulle bemaak sodat die skulde op hierdie wyse uitgewis kan word. Dit is natuurlik nie nodig dat die verkoping aan die kinders self geskied nie. Daar kan van 'n maatskappy of 'n trust gebruik gemaak word om die goedere aan te koop.

118 *Ramjohn Cases & Materials* 14.

vanweë die fidusiêre verhouding waarin hy teenoor die begunstigde(s) verkeer, geen persoonlike voordeel uit die trusteeskap trek nie. Dit is so tensy hy self een van die begunstigdes is. Hy kan egter steeds nie tot nadeel van die ander begunstigde(s) optree nie.<sup>119</sup>

- (b) Terwyl die trust in werking is, is die kinders die begunstigdes van die kapitaal maar die kapitaal behoort nie in eiendomsreg aan hulle nie.<sup>120</sup> Die kinders is dus teen hul eie onbesonnenheid beskerm. Die trustgoedere self vorm nie deel van hulle boedelbates nie.<sup>121</sup> Dit is bevestig in die *Sive*-saak<sup>122</sup> dat trustgoedere tydens die geldigheidsduur van 'n trust nie die privaat eiendom van 'n individu is nie. Die goedere behoort nie aan die trustee persoonlik nie, en hulle vestig ook nie in die begunstigdes nie. Derhalwe is die trustgoedere, alhoewel hulle vir die begunstigdes geormerk is, effektief buite bereik van die begunstigdes self, hulle skuldeisers en die belastinggaarder wanneer boedelbelasting ter sprake kom. Die begunstigdes kan al die voordele geniet wat aan die trustbates kleef sonder enige moontlike nadele of risiko's wat met eiendomsreg gepaard gaan, soos byvoorbeeld beslaglegging op die goedere by sekwestrasie of as gevolg van onbetaalde skulde.
- (c) Mits die bepalinge van die verskeie subartikels van artikel 7 van die *Inkomstebelastingwet*<sup>123</sup> in gedagte gehou word en dit inderdaad so is dat die trust 'n geleibuis is, kan 'n baie voordelige inkomstebelastingstruktuur daargestel word.<sup>124</sup>

---

119 In *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (SCA), het die hof beslis dat 'n onafhanklike persoon wat nie 'n begunstigde tot die trust is nie, deel van die trustee moet wees.

120 Riddall *Law of Trusts* 12.

121 By diskresionêre trust sal geen reg in hul boedel vestig voordat die trustee sy diskresie uitgeoefen het nie. by non-diskresionêre trust van daar reeds iets in sy boedel. Die begunstigde het 'n **gevestigde reg** gekry. Dies *cedit* is dus nie uitgestel nie. By dies *cedit* kry hy vorderingsreg.

122 *CIR v Sive's Estate* 1995 1 SA 249 (A).

123 *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

124 *SIR v Rosen* 1971 1 SA 172 (A). Die uitspraak bekragtig 'n vorige uitspraak van die Appêlafdeling, naamlik *Armstrong v CIR* 1938 AD 343, waarin die belangrike beginsel neergelê is dat 'n trust 'n geleibuis is vir doeleindes van inkomstebelasting in gevalle waar die begunstigde gevestigde regte op die inkomste van die trust het of verkry. As die trustee diskresionêre magte het om die inkomste van die trust toe te ken en te verdeel, word inkomste in die hande van die uiteindelijke ontvanger van die

- (d) As faktore soos die vrou se onvermoë om met geld te werk, minderjarige kinders, geestelik gestremdes, onverdeelbaarheid van bates, probleem kinders, versorging van 'n langsewende en belastingprobleme in die algemeen ter sprake is, leen 'n trust hom uitmuntend daarvoor om die probleme op te los of om die probleme kleiner te maak.<sup>125</sup>

Die trust is inderdaad 'n ideale werktuig om te gebruik as die houër van boedelbates waarvoor die boedeleienaar gedurende sy lewe of nadoods beskik en wat hy om een of ander rede nie direk aan bevoordeeldes wil gee nie.

### **5.3 Die betekenis van die trust in die praktyk**

Die trust is baie gewild onder die boedelbeplanners as gevolg van die bogenoemde voordele wat die trust inhou.<sup>126</sup> Soos reeds gesê vorm die trustbates nie deel van die persoonlike boedel van die trustee nie.<sup>127</sup> Sodoende sal die bates in die diskresionêre trust ook nie geraak word indien die boedel van die eienaar, trustee of begunstigde gesekwestreer word nie.<sup>128</sup> Een van die groot redes waarom die trust gebruik word, is om boedelbelasting te verminder deur die boedel van die eienaar onder die merk van R1,5 miljoen te hou.<sup>129</sup> Om dit reg te kry, kan bates aan die trust geskenk word teen 'n maksimum waarde van R30 000 per persoon per jaar of deur die bates in die naam van die trust te koop. Deur eiendom in die trust se naam te skenk, gaan kapitaalwinstbelasting in die eienaar se persoonlike boedel ook bespaar word. Dit is so omdat die bate se waarde vermeerder in die trust en nie in die eienaar se persoonlike boedel nie.<sup>130</sup>

---

inkomse belas. Dit is natuurlik onderhewig aan die bepalings van die verskeie onderafdelings van a 7 van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

125 Parker en Mellows *Modern Law of Trusts* 2.

126 Olivier 1992 *HL Swanepoel Gedenkbundel* 5 en Abrie, Graham en Van der Linde *Boedel- en finansiële beplanning* 152.

127 Ramjohn *Cases & Materials* 9.

128 Olivier 1992 *HL Swanepoel Gedenkbundel* 4.

129 Artikel 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

130 Die *Boedelbelastingwet* bevat nie teenvermydingsbepalings soortgelyk aan a 7 en 103 van die *Inkomstebelastingwet* nie, behalwe dat Kapitaalwinstbelasting betaalbaar

'n Trust ontbind nie met die dood van die trustees of die begunstigdes nie. Dit kan dus nie doodgaan nie. Dit hou aan bestaan. Op dié manier kan kontinuïteit in 'n persoon se besigheid verseker word, as die trust 'n belanghouer in die besigheid is. Die trustees van die trust kan verander maar die trust bly voortbestaan. In die geval waar die eerstesterwende bekommerd is dat die langsliewende onoordeelkundig met die bates van die boedeleienaar sal handeldryf en nie behoorlik vir die kinders sal sorg nie, kan hy/sy die bates aan 'n trust laat vererf en die kinders begunstigdes maak. Sodoende sal die erflater geen boedelbelasting bespaar nie, maar hy gaan gerus wees dat die kinders versorg sal wees.

## **6 Die problematiek met die inkorporering van die koop-en-verkoop-ooreenkoms in die trustreg**

Dit is deesdae algemeen vir besigheidsvennote om hul belange in die besigheid in hul onderskeie familietrusts te hou. Die rede hiervoor is die feit dat die waarde van die vennoot se besigheidsbelang dan nie in sy persoonlike boedel groei nie, maar in die trust. Die verskillende trusts is die aandeelhouders in die maatskappy, of die vennote in die vennootskap. Die besigheidsvennote is elk 'n trustee van die onderskeie familietrusts. Op hierdie wyse kan hy steeds beheer oor sy belang behou.<sup>131</sup>

Dit is nie ongewoon dat 'n behoefte vir 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms tussen die onderskeie familietrusts ontstaan nie. Om die familietrust van die oorlewende vennoot die nodige kontant en mag te gee om die belang vanaf die oorlede trustee se familietrust te bekom, sal dit nodig wees dat die trustee van die een trust 'n polis op die lewe van die ander trust se trustee moet uitneem om sodoende die nodige kontant beskikbaar te hê om die ander trust se belang oor te neem.

---

sal wees indien daar enige positiewe verskil tussen die waarde op datum van skenking en die basiskoste is.

131 Voorbeeld: Mnr A en Mnr B dra onderskeidelik hul belang in Besigheid Y oor na hul onderskeie Familietrusts X en Z. Mnr A tree op as trustee van die X Familietrust en Mnr B as trustee van die Z Familietrust.

Die vraag ontstaan of die lewenspolis wat op die lewe van 'n trustee uitgeneem deur 'n ander trust (met versekerbare belang, uit hoofde van die **doel** vir 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms)<sup>132</sup> uitgesluit is van boedelbelasting in die boedel van die versekerde lewe.<sup>133</sup>

In paragraaf 3.1 is genoem dat artikel 3(3)(a)(iA) van die *Boedelbelastingwet* in sekere gevalle boedelbelasting uitsluit soos in die geval waar 'n polis 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms befonds. Met die bekendstelling van artikel 3(3)(a)(iA) in 1993 was die voorkoms van besigheidstrust dun gesaai. Gevolglik verwys die artikel nie uitdruklik na trusts en trustees nie.

Twee vereistes van artikel 3(3)(a)(iA) is belangrik vir hierdie doel. **Eerstens**, slegs 'n polis uitgeneem deur 'n **persoon** kwalifiseer vir die uitsluiting. **Tweedens** moet die persoon wat die polis uitneem **en** die versekerde lewe 'n belang in die besigheid besit. Hierdie twee vereistes veroorsaak 'n ondersoek in die aard van die trust. Soos reeds bekend, beskik die trust nie oor regs persoonlikheid in die Suid-Afrikaanse reg nie. Aangesien 'n trust nie 'n regs persoon is nie, kan dit nie self 'n polis uitneem nie. Slegs 'n persoon<sup>134</sup> kan 'n polis uitneem. Die trustee van 'n trust is 'n natuurlike- of regs persoon en dus kan hy 'n polis op sy lewe en ook op die lewe van die ander trust se trustee uitneem. Die trustees van die verskillende trusts neem dus die polisse op mekaar se lewens uit, namens die trust, want hul word bestempel as die eienaar van die trustbates in hul hoedanigheid as trustee ten behoeve van die begunstigdes. Hier ontstaan nou 'n redenasie oor die regs persoonlikheid van 'n trust, aangesien die trust ten opsigte van skuld geag word 'n regs persoon te wees. Vervolgens is dit noodsaaklik om te ondersoek wat die siening van die howe in verband met hierdie aangelaantheid is.

---

132 Naamlik vir die koop van die ander belanghouer, die oorledene se familietrust, se belang.

133 Maw sal die opbrengs van die polis uitgeneem deur X Familietrust op die lewe van Mnr B (trustee van Z Familietrust) uitgesluit wees van boedelbelasting in die boedel van Mnr B? Mits die **doel** van die polis ooreekomtig die vereistes van 'n koop-en-verkoop-ooreenkoms handel. Maw die opbrengs van die polis moet aangewend word vir die uitsluitlike doel om die oorlede vennoot se belang in die onderneming te koop.

134 Regs persoon of natuurlike persoon.

In die oorweging van die *Magnum*-saak<sup>135</sup> is die beslissing van die *Ex Parte Milton*-gewysde<sup>136</sup> deur die Hof gevolg. Die hof se siening in die *Milton*-saak was dat:

"Selfs al word die trust nie geag om 'n regs persoon te wees nie, val dit nog steeds onder die definisie van 'n skuldenaar. Die trust kan deur middel van sy trustees skuld aangaan, en geld leen. As die trust oor vaste eiendom beskik kan verbande daarvoor geregistreer word deur die trustees en die trust bly verantwoordelik om die skuld af te betaal. Skuldeisers kan dan slegs op die trustbates aanspraak maak om skulde deur die trust aangegaan te vereffen."

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die trust sy eie trustbates kan besit en verantwoordelikhede ten opsigte daarvan aangaan. Verder blyk dit ook dat die trust kwalifiseer onder die definisie van 'n skuldenaar in die normale betekenis van die woord. Die trust kan in die ware sin van die woord as 'n regs persoon geag kan word. Vir alle praktiese doeleindes word die trust geag om 'n regs persoon te wees, maar volgens die *Trustwet* word die trust omskryf sonder regs persoonlikheid. Hiermee word daar dus aan die **eerste** vereiste voldoen.

Die tweede vereiste is meer kompleks as die eerste. Aangesien 'n trust nie beskik oor regs persoonlikheid nie, vestig eiendomsreg van trustbates nie in die trust nie. 'n Trustee administreer trusteiendom as eienaar of nie-eienaar, afhangende van die terme van die trustakte,<sup>137</sup> met ander woorde of dit 'n bewindtrust of eiendomstrust is.<sup>138</sup>

Wanneer eienaarskap in die trustee vestig (eiendomstrust), dan is beide die persoon wat die polis uitneem (trustee) en die versekerde lewe (eienaar van die belang in die besigheid - hy is eienaar van die familietrust se bates) 'n belanghouer in die besigheid, **alhoewel in sy hoedanigheid as trustee van die trust.**

---

135 *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd (in Liquidation) v Summerly and Another NNO* 1984 1 SA 160 (W).

136 *Ex parte Milton NO 1959 3 SA 347 (SR).*

137 Honoré *SA Law of Trusts* 222.

138 By 'n eiendomstrust vestig eienaarskap van die trustbates in die trustees om dit sodoende te administreer tot voordeel van die begunstigdes kragtens die bepaling van die trustakte. 'n Bewindtrust is waar die eiendomsreg van die trustbates in die begunstigdes kragtens die trustakte vestig, maar daardie eiendom bly onder die beheer van die trustees om dit te administreer. *Watt Trusts Textbook* 247.

Aangesien eienaarskap nie in die geval van 'n bewindtrust in die trustee vestig nie, kan daar **nie** gesê word dat die persoon wat die polis uitneem en die versekerde lewe 'n belang in die besigheid het nie. Eienaarskap vestig in die begunstigdes en nie in die trustee nie.

Dieselfde probleem kom voor wanneer die trustee van 'n eiendomstrust 'n polis op die lewe van 'n trustee van 'n bewindtrust uitneem. Hiermee word daar voldoen aan die eerste vereiste van die *Boedelbelastingwet* (die polis word uitgeneem deur 'n persoon), maar die versekerde lewe (die trustee van die bewindtrust) is nie 'n belanghouer in die besigheid nie. Dieselfde kom voor wanneer die trustee van die bewindtrust 'n polis op die trustee van die eiendomstrust uitneem, daar sal aan die eerste vereiste van die *Boedelbelastingwet* voldoen word, maar nie die tweede nie, want die persoon wat die polis uitneem besit nie 'n belang in die besigheid nie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat indien beide van die trusts eiendomstrusts is, die polis op die versekerde lewe moet kwalifiseer vir die uitsluiting in terme van artikel 3(3)(a)(iA). Waar een of beide die trusts bewindtrusts is, kan dit nie vir die uitsluiting kwalifiseer nie.

In die finale instansie kom dit daarop neer dat die Kommissaris van SARS<sup>139</sup> oortuig moet word dat daar aan die vereistes van artikel 3(3)(a)(iA) voldoen is.<sup>140</sup> SARS het soos volg gereageer op bogenoemde aangeleentheid:<sup>141</sup>

It is accepted that the exclusion from property which is deemed to be property provided for by section 3(3)(a)(iA) of the Estate Duty Act, 1955 also applies where the policy in question is taken out or acquired by a trustee of a trust in his capacity as such.

Die volgende belangrike onontbeerlike stap is vervolgens dat die *Boedelbelastingwet* dienoreenkomstig gewysig moet word, sodat die trust konstruksie gebruik kan word ter implementering van die koop-en-verkooporeenkoms.<sup>142</sup>

---

139 South African Revenue Service.

140 Meyrowitz *Law and Practice of Administration of Estates* par 27.37.

141 Kommissievergadering op 5 November 1999, te Pretoria.

142 La Grange 2000 *Insurance and Tax* 7.

## 7 Samevatting en aanbevelings

'n Effektiewe oplossing vir die finansiële en ander probleme wat voortspruit uit die dood van 'n vennoot is die sluiting van 'n koop-en-verkooppoorenkoms tussen die vennote en wat gefinansier word deur lewenspolisse, uitgeneem in terme waarvan die lewens van die vennote verseker word. Op hierdie manier kan die nodige likiditeit beskikbaar gestel word vir die koop van die oorlede vennoot se belang, om sodoende die oorblywende vennoot in staat te stel om met die besigheid aan te gaan.

Dit is baie belangrik dat die polis aan al die vereistes van die *Boedelbelastingwet* moet voldoen alvorens die opbrengs van die polis nie 'n geagte bate in die boedel van die versekerde lewe sal wees nie. Hierdie vereiste is, met die risiko van herhaling, eerstens dat die premie nie deur die versekerde lewe self betaal word nie. Tweedens moet dit deur 'n persoon op die lewe van 'n ander persoon uitgeneem word. Derdens moet dit ook vir die regte doel aangewend word en dit is dat die polisopbrengs gebruik moet word om die oorlede vennoot se belang in die besigheid te koop.

Dit is algemene kennis dat die trust ook 'n baie goeie boedelbeplanningsinstrument is. Die vraag wat vervolgens opkom is of dit moontlik kan wees om sonder enige nadelige gevolge die twee instrumente te kombineer om sodoende die voordele ten opsigte van boedelbeplanning wat deur 'n trust voorsien word, die groei van die belang uit die boedel te hou, deur die belang in die vennootskap eerder in die trust te hou. Indien dit moontlik is, sal dit 'n uitstekende beplanningsinstrument tot gevolg hê. Volgens wetgewing is bogenoemde nie moontlik sonder enige probleme nie.

Daar bestaan groot verwarring oor die interpretasie van artikel 3(3)(a)(1A) van die *Boedelbelastingwet* wanneer koop-en-verkooppolisse ter sprake kom. Die verwarring het ontstaan by die definisie van "persoon" in die *Boedelbelastingwet*, aangesien die trust nie gedurende 1955, met die inwerkingtreding van die *Boedelbelastingwet*, so 'n gewilde boedelbeplanningsinstrument was nie, val die trust nie onder die definisie van "persoon" nie. Sodoende kan die boedelbelastingvoordeel nie deur die versekerde lewe verkry word nie.

Soos reeds genoem ontstaan die vraag of die versekerde lewe nogsteeds die boedelbelastingvoordeel kragtens artikel 3(3)(a)(1A) van die *Boedelbelastingwet* verkry indien die *inter vivos* trust die vennoot in die vennootskap is.

Volgens *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd (in Liquidation) v Summerly and Another NNO* het die hof beslis dat die trust vir alle praktiese doeleindes as 'n skuldenaar beskou word. Die trust kan deur middel van sy trustees skuld aangaan. Dus kan daar afgelei word dat die trust beheer en bestuur word deur die trustees, met ander woorde die trust kan nie voortbestaan sonder trustees nie. Myns insiens is dat vir doeleindes van artikel 3(3)(a)(1A) van die *Boedelbelastingwet* moet die *inter vivos* trust as 'n persoon beskou word. Op so manier sal daar aan al die vereistes van die artikel voldoen word en die boedelbelastingvoordeel sal verkry word.

As die appèlhof nie binnekort besluit dat die trust vir doeleindes van 'n koop-en-verkooppolis as 'n persoon geag word nie, is die enigste oplossing vir bogenoemde probleem om die definisie van "persoon" in die *Boedelbelastingwet* meer uit te brei, deur die trust as 'n persoon in te sluit. Op so manier sal die trust en artikel 3(3)(a)(1A) versoen kan word en baie onduidelikhede in die praktyk uitgeklaar word.

## **8 Bibliografie**

### **8.1 Boeke**

#### **A**

*Abrie et al Bestorwe Boedels*

*Abrie W et al Bestorwe Boedels* 5e uitg (ProPlus Pretoria 2003)

*Abrie, Graham en Van der Linde Boedel- en Finansiële Beplanning*

*Abrie W, Graham CR en Van der Linde A Boedel- en Finansiële Beplanning* 5e uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif 2004)

*Arendse et al SA Inkomstebelasting*

*Arendse JA et al Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2005* (Butterworths Durban 2005)

#### **C**

*Cilliers et al Ondernemingsreg*

*Cilliers HS et al Ondernemingsreg* (Butterworths Durban 1993)

#### **H**

*Honoré SA Law of Trusts*

*Honoré AM The South African Law of Trusts* 3e uitg (Juta Kaapstad 1985)

*Huebner en Kenneth Life Insurance*

*Huebner SS en Kenneth B (Jr) Life Insurance* (Meredith Publishing Company New York 1964)

*Huebner en Kenneth Life Insurance*

Huebner SS en Kenneth B (Jr) *Life Insurance* (Meredith Publishing Company New York 1982)

## K

King en Victor *Law & Estate Planning Easiguide*

King R en Victor B *Law & Estate Planning Easiguide 2004/2005*  
(Butterworths Durban 2004)

## M

Mehr en Osler *Modern Life Insurance*

Mehr RI en Osler RW *Modern Life Insurance A Textbook of Income Insurance* 3e uitg (The Macmillan Company New York 1961)

Meyrowitz *Law and Practice of Administration of Estates*

Meyrowitz D *The Law and Practice of Administration of Estates and Estate Duty* 6e uitg (Juta Johannesburg)

Miller *Corporate & Personal Financial Planning*

Miller RJ *Corporate & Personal Financial Planning 2004* (LexisNexis Butterworths Durban 2004)

## N

Nagel *et al Besigheidsreg*

Nagel *et al Besigheidsreg* 3e uitg (Butterworths Durban 2000)

## O

Oakley *Modern Law of Trusts*

Oakley AJ *Parker and Mellows: The Modern Law of Trusts* 8e uitg  
(Sweet & Maxwell London 2003)

Olivier & van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA & van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Pretoria 1991)

*Olivier Trustreg en Praktyk*

Olivier PA *Trustreg en Praktyk* (De Jager Kaapstad)

*Orren Corporate Power & Social Change*

Orren K *Corporate Power & Social Change: The politics of the Life Insurance Industry* (The Johns Hopkins University Press Baltimore/ London 1974)

## **P**

*Parker en Mellows Modern Law of Trusts*

Parker DB en Mellows AR *The Modern Law of Trusts* 3e uitg (Sweet & Maxwell London 1975)

## **R**

*Ramjohn Cases & Materials*

Ramjohn M *Cases & Materials on Trusts* 3e uitg (Cavendish Publishing Limited London 2004)

*Riddall Law of Trusts*

Riddall JG *The Law of Trusts* (Butterworths London 1977)

## **S**

*Stein Estate Duty Principles and Planning*

Stein ML *Estate Duty Principles and Planning* 3e uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2004)

## **V**

*Van der Merwe et al Kontraktereg*

Van der Merwe S *et al Kontraktereg Algemene Beginsels* (Juta Lansdowne 1994)

## **W**

*Watt Trusts Textbook*

*Watt G Trusts Textbook* (Oxford University Press New York 2004)

### **8.2 Wette**

*Boedelbelastingwet 45 van 1955*

*Inkomstebelastingwet 58 van 1962*

*Korttermynversekeringswet 53 van 1998*

*Langtermynversekeringswet 52 van 1998*

*Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988*

*Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984*

*Wet op Finansiële Advies en Tussenganger Diens 32 van 2000*

*Wet op Seëlregte 77 van 1968*

### **8.3 Artikels**

## **D**

*Die Vereniging van Lewensversekeraars van Suid-Afrika Lewensversekering*  
(Kaapstad 8001)

*Dawson 1996 Tax Planning*

*Dawson J "The trustee buy-and-sell" 1996 Tax Planning 33-35*

## **L**

*La Grange Insurance and Tax 2000*

La Grange L "Trusts and section (3)(a)(iA) of the Estate Duty Act"  
*Insurance and Tax* September 2000 7-15

## S

Stander 1999 *TRW*

Stander L "Hou veilig is bates in 'n trust in geval van die sekwestrasie van die boedel van een van die betrokke partye?" 1999 *Tydskrif vir Regswetenskap* 145-170

### 8.4 Proefskrifte

## O

Olivier "The trust: Now and in the New Millennium" in Coetzee *HL Swanepoel Gedenkbundel*

Olivier "The trust: Now and in the New Millennium" in Coetzee *HL Swanepoel Gedenkbundel*

## R

Roeleveld SA *Lewensversekeringsreg*

Roeleveld L *Suid-Afrikaanse Lewensversekeringsreg* (Proefskrif Universiteit Durban-Westville 1977)

### 8.5 Regspraak

*Armstrong v CIR* 1938 AD 343

*Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A)

*Cierenberg en Andere v Rorich, Wolmarans & Luderitz Van Wyk en Andere v Lamprecht en 'n Ander* 2003 1 SA 40 (T)

*CIR v Estate Crew* 1943 AD 656 (A)

*CIR v Sive's Estate* 1995 1 SA 249 (A)

*Crookes v Watson* 1956 1 SA 277 (A)

*Estate Kemp v McDonald's Trustee* 1915 AD 492

*Ex parte Estate Davies* 1957 3 SA 471 (N)

*Ex parte Milton NO* 1959 3 SA 347 (SR)

*Friedman NNO v CIR: In Re Phillip Frame Will Trust v CIR* 1991 2 SA 340 (W)

*Kitshoff NO v Brink en Andere* 1997 4 SA 117 (T)

*Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (SCA)

*Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd (in Liquidation) v Summerly and Another NNO* 1984 1 SA 160 (W)

*SA Eagle Versekeringsmaatskappy v Steyn* 1991 4 SA 841 (A)

*Schaumberg v Stark* 1965 4 SA 462 (A)

*Shrosbree and Others NNO v Van Rooyen NO and Others* 2004 1 SA 226 (SE)

*SIR v Rosen* 1971 1 SA 172 (A)

## **8.6 Verslag**

Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 9 *Hersiening van die trustreg* (1987)